



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **DANSSTUDIES**

### **RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE**

# **2015**

**Hierdie riglyne bestaan uit 33 bladsye.**

**INHOUDSOPGAWE**

<b>1.</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>3</b>
<b>2.</b>	<b>RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER</b>	<b>5</b>
2.1	Administrasie van die PAT'e	5
2.2	Hoe om PAT'e te assessee	6
2.3	Moderering van PAT'e	7
2.4	Verklaring van egtheid	7
2.5	Afwesigheid/Take nie ingelewer nie	16
<b>3.</b>	<b>RIGLYNE/INSTRUKSIES VIR DIE LEERDER</b>	<b>18</b>
3.1	Instruksies vir die leerder	18
3.2	Take	18
3.3	Assesseringsinstrumente	23
3.4	Vereistes vir aanbieding van die PAT'e	25
3.5	Tydraamwerke	25
3.6	Afwesigheid/Take nie ingelewer nie	25
3.7	Verklaring van egtheid	27
<b>4.</b>	<b>BRONNELYS</b>	<b>28</b>
<b>5.</b>	<b>GEVOLGTREKKING</b>	<b>28</b>
	<b>BYLAE A: Prestasie-aanduiders</b>	<b>29</b>
	<b>AKRONIEME</b>	
KABV	Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring	
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding	
NKV	Nasionale Kurrikulumverklaring	
NSS	Nasionale Senior Sertifikaat	
PAT	Praktiese Asseseringstaak	
AP	Asseseringprogram	
SGA	Skoolgebaseerde assessering	

## 1. INLEIDING

Die 16 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurwetenskappe, Landbou-  
tegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek,  
Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtings-  
tegnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie,  
Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en  
ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

**Die assesseringsprogram** vir Graad 12 bestaan uit skoolgebaseerde assessering (SGA), praktiese assesseringstake (PAT'e) en finale eksterne eksamens:

### **Skoolgebaseerde assessering:**

- |                                  |           |
|----------------------------------|-----------|
| • EEN teoretiese toets           | 50 punte  |
| • EEN praktiese toets            | 50 punte  |
| • EEN praktiese eksamen in Junie | 100 punte |
| • EEN teorie-eksamen in Junie    | 100 punte |
| • EEN praktiese proefeksamen     | 100 punte |
| • EEN teorie-proefeksamen        | 100 punte |

### **Twee praktiese assesseringstake (PAT'e)** 50 punte elk

- Hierdie take word apart bereken. Riglyne word in hierdie dokument verskaf.

### **Finale eksamens**

- |                                 |           |
|---------------------------------|-----------|
| • EEN interne praktiese eksamen | 100 punte |
| • EEN eksterne teorie-eksamen   | 100 punte |

**Kwartaalplan**  
UITTREKSEL UIT DIE DANSSTUDIES KABV, BLADSY 38

<b>FORMELE ASSESSERING GRAAD 12</b>			
<b>KWARTAAL 1</b>	<b>KWARTAAL 2</b>	<b>KWARTAAL 3</b>	<b>KWARTAAL 4</b>
Teorietoets: 50 punte Praktiese toets: 50 punte 100 punte	Praktiese eksamen: 100 punte Teorie-eksamen: 100 punte 200 punte	Praktiese eksamen: 100 punte Teorie-eksamen: 100 punte 200 punte	Praktiese eksamen: 100 punte Teorie-eksamen: 100 punte SGA = 500 ÷ 5 = <b>100 punte</b>
PAT 1: 50 punte	PAT 2: 50 punte		PAT'e : <b>100 punte</b>
<b>SGA 100 + PAT 100 + eindeksamens 200 = Totaal 400 punte</b>			

**LET OP DIE VOLGENDE BELANGRIKE VERANDERINGE IN DIE PAT'e:**

1. In die Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring (KABV) is die PAT'e deel van die formele assesseringsprogram, maar die PAT'e word nou geskei van die werklike skoolgebaseerde assessering (SGA).
2. Die gewigswaarde van die PAT'e het nou beduidend verhoog. In die verlede was dit 25% van die SGA wat 25% van die totale punt was. Die PAT'e is nou 25% op hulle eie werd. Die PAT'e is nou in gewigswaarde gelyk aan al die interne toetse en eksamens wat die SGA opmaak.

**Beide PAT'e moet dus met heelwat meer erns benader word.**

Die gewigswaarde van interne toetse en eksamens is 50% prakties en 50% teorie  
 Die gewigswaarde van die PAT'e is 60% prakties en 40% teorie

**Aantekening en verslagdoening:**

Daar is 'n verskil tussen hoe kwartaalpunte bereken word en hoe die finale SGA en PAT-punte bereken word.

- **Berekening van die kwartaalpunte vir Dansstudies** (Sien KABV, bl. 39)  
 Trl elke kwartaal die **ROUpunte** op en herlei dit na 'n persentasie vir die kwartaalpunt, bv.:  
 Totale roupunte vir kwartaal 1 = 150 punte (dit sluit 2 toetse en 1 PAT in)  
 Voorbeeld van 'n leerder se punte:  
 $\frac{96}{150} \div 150 \times 100 = 64\%$
- **Berekening van die finale promosiepunte:**  
 Die **elektroniese puntestate** moet die finale interne punte herbereken en die SGA na 25% herlei, en die twee PAT-punte na 25% van die finale punte.

In sommige provinsies kan 'n vorderingspunt toegeken word aan leerders vir hulle PAT'e in die eerste twee kwartale. Wanneer die finale gemodereerde punt toegeken is, kan die kwartaal-PAT-punte aangepas word.

## 2. RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER

### 2.1 Administrasie van die PAT'e

Die twee PAT'e sluit beide die praktiese en teoretiese komponente in.

- **PAT 1: Choreografie** sluit die praktiese choreografiese proses en opvoering, die choreografiese joernaal en die een-bladsy-programnota in.
- **PAT 2: Groepdans** sluit 'n opvoering plus 'n geskrewe verslag oor die beplanning-en-bemakingproses van 'n produksie in.

Die geskrewe komponent oor beplanning en bemaking kan óf in PAT 1 óf PAT 2 óf beide plaasvind, maar die punte moet aan *PAT 2 toegeken* word. Beide PAT'e se geskrewe komponent en die produksie- en bemakingsbeplanning kan in een joernaal gedoen word.

Die graad 12-jaar is baie vol en laat praktiese dans slegs in die eerste twee en 'n halwe kwartaal toe. As proefeksamens in die derde kwartaal begin, sukkel leerders om met praktiese klasse by te hou en kan dalk onfiks raak. Voorbereiding vir die PAT'e vat baie tyd. Dis groot dele van die kurrikulum wat in 'n module omvat is om met tydsbestuur te help. Dit is waarom die PAT'e vir Kwartaal 1 en 2/3 geskeduleer is.

**TYDRAAMWERKE** kan verskil afhangend van die verskillende kontekste in verskillende provinsies.

#### **PAT 1**

Volgens die KABV-dokument, bl. 38, is choreografie vir Kwartaal 1 geskeduleer. Daar is twee redes hiervoor:

1. Repetisies vir elke leerder se choreografie neem so baie tyd dat dit beter is om dit in die eerste kwartaal te voltooi sodat daar die res van die jaar op die tegniekklas en opvoerwerk gekonsentreer kan word.
2. Voorbereiding vir die graad 12-choreografie begin in die 4<sup>de</sup> kwartaal van graad 11 (Sien bl. 29, KABV-dokument).

#### **PAT 2**

Volgens die KABV, bl. 38, is PAT 1 vir Kwartaal 2 of Kwartaal 3 geskeduleer. Leerders kon dalk die groepdans in Kwartaal 1 begin leer het, maar dit sal finaal in Kwartaal 2 of 3 geassesseer word. PAT 1 of PAT 2 hoef egter nie in die gespesifiseerde volgorde per kwartaal, soos in die KABV-dokument genoem, gedoen te word nie en kan omgeruil word solank een per kwartaal geassesseer word om te voorkom dat tyd uitloop of dat die leerders na die einde van die jaar oorlaai word.

**Beplanning en voorbereiding:** Onderwysers moet die PAT'e vooruit beplan. Leerders moet 'n gedetailleerde opdrag ontvang om in hulle joernale te plak, van wat van hulle verwag word. Die opdrag moet die volgende bevat:

- Die presiese doelwit of eindproduk van die taak en onthou om ruimte te laat vir innovering en persoonlike interpretering
- Assesseringsprosedures
- Assesseringskriteria
- Presiese nie-onderhandelbare datums met kontrolepunte deurgaans om vordering te toon
- Enige moontlike beperkings en/of riglyne
- Geskikte media, tegnieke en/of benaderings vir die opdrag
- Bronne en geriewe beskikbaar

Beide die informele en formele voorbereidings vir die twee **PAT'e moet in 'n joernaal aangeteken word**, wat spesifiek vir Dansstudies gehou word. Die geskrewe voorbereiding moet bestaan uit navorsing, opdragte, beplanning, besinning en enige ander aantekeninge wat nodig is om vir 'n opvoering in Dansstudies voor te berei.

Die PAT-opvoerings-/optredes kan in 'n gekontroleerde omgewing, soos 'n ateljee of 'n klaskamer, of in 'n werklike-lewe omgewing, soos 'n openbare opvoering (verkieslik), plaasvind. Skole moet hierdie opvoerings versigtig beplan om by die vereistes van die kurrikulum te pas en met inagneming van die modereringsdatums wat deur die provinsie vasgestel is.

## 2.2 Hoe om die PAT'e te assesseer

Die PAT'e word intern opgestel, intern geassesseer en ekstern gemodereer (KABV, bl. 38). Die onderwyser doen die formele assessering saam 'n portuuronderwyser om 'n objektiewe mening te kry, waar moontlik.

Die PAT'e kan in kwartaal 1 en 2 finaal nagesien word of progressief soos wat dit in kwartaal 1 en 2 ontwikkel met 'n finale assessering en moderering in kwartaal 3, soos provinsiaal bepaal. Indien die finale punte in kwartaal 3 verander, moet die punte wat in kwartaal 1 en 2 gegee is, aangepas word.

- Leerders moet vooraf van die kriteria van hul choreografieë in kennis gestel word.
- Die choreografie sal intern deur die onderwyser geassesseer word, saam 'n portuuronderwyser/provinsiale beampte, indien moontlik.
- Die choreografieë moet verfilm word en op DVD vir moderering voorgelê word.
- Die assessering kan tydens 'n openbare optrede plaasvind, saam ander skole of in die ateljeeomgewing.
- Datums vir die choreografie-assessering en die name van die portuuronderwysers wat as moderators gaan optree, moet, soos vereis, vir goedkeuring aan die provinsiale vakhoof, voorgelê word.

### 2.3 **Moderering van PAT'e**

Eksterne moderering kan gedurende die jaar of op dieselfde tyd as die finale praktiese eksterne eksamen plaasvind. Moderering van die PAT'e moet van aangesig-tot-aangesig wees (verkieslik). Waar van aangesig-tot-aangesig-moderering nie moontlik is nie (as gevolg van afstande tussen skole en dorpe en 'n tekort aan dansbeampies/moderators) moet 'n DVD van die Choreografie- en Groepdans-PAT'e, saam met die joernaal en een-bladsyprogram, vir eksterne moderering voorgelê word. Elke provinsie sal hulle eie modereringsproses bepaal.

Verwys na KABV, BYLAE E (bl. 48) vir dansers wat nie in staat is om hulle PAT'e te voltooi nie as gevolg van ernstige siekte of beserings.

### 2.4 **Verklaring van egtheid**

'n **VERKLARING VAN EGTHEID** moet in die joernaal geplaas word waarin verklaar word dat die choreografiese werk die leerder se eie is en dat die onderwyser 'n getuie was toe dit gerepeteer is. Dit moet deur beide die onderwyser en leerder onderteken word.

Leerders moet oneerlike handeling soos die volgende vermy:

- Gebruik uittreksels uit die werk van ander dansers/choreografe/onderwysers of uit musiekvideo's
- Gebruik hulle dansers om hulle dans te choreografeer
- Bied geïmproviseerde werk as choreografie aan

Die Departement sal oneerlike handeling swaar straf en dit kan daartoe lei dat 'n leerder 'n nulpunt vir die taak kry.

Die leerderriglyne op die volgende bladsy kan gekopieer en aan leerders verskaf word of onderwysers kan hulle eie opdragte ontwerp.

## PAT 1: CHOREOGRAFIE

Hierdie PAT bestaan uit drie afdelings, naamlik die choreografie, die joernaal en die een-bladsyprogramnota.

### LET WEL: Daar is vasgestelde onderwerpe vir choreografie in 2015.

Daar word van leerders verwag om elke jaar in graad 10 tot 12 'n choreografie-PAT te doen om hulle vaardighede elke jaar verder te ontwikkel. Hierdie afdeling is gewoonlik die afdeling wat die grootste eise in die Dansstudies-kurrikulum stel omdat dit hoër-orde-denkvaardighede vereis, soos:

- Kreatiwiteit, d.i. dansontwerp, kostuums, produksie-elemente
- Analise, evaluering en keuse van musiek
- Kritiese denke, d.i. evaluering en gee van terugvoer aan dansers
- Probleemoplossing, besluitneming
- Tydsbestuur
- Bestuur van mense
- Organisatoriese vaardighede
- Besinning/Nadenke

Daar moet nie van leerders verwag word om 'n choreografie *sonder* leiding van die onderwyser te regissee nie. Elke aspek van choreografie moet vir die leerders geleer word, soos:

- Hoe om oorspronklike beweging deur middel van improvisasie te skep
- Hoe om die gekose onderwerp te ontwikkel
- Hoe om te begin
- Hoe om musiek te kry
- Hoe om die dans te konstrueer
- Hoe om dansers te kies
- Hoe om repetisies te beplan
- Hoe om jou tyd te bestuur
- Wat om in die joernaal in te sluit, ens.

Onderwysers moet toesig oor repetisies hou om leerders leiding te gee en om te verseker dat die werk die leerder se eie is en nie by iemand anders afgekyk is nie. Dit sal ook verseker dat leerders nie tydens die uitvoer van bewegings waartoe hulle dalk nog nie in staat is nie, beseer word.

In graad 12 moet elke leerder 'n danswerk van **2–3 minute** choreografeer waarin **3 of meer dansers** gebruik word. Verkieslik moet dit nie die leerder self insluit nie.

Dit is verkieslik dat elke leerder individuele verantwoordelikheid aanvaar vir die choreografering van die hele stuk van 2–3 minute. Dit is 'n geleentheid vir leerders om hulle hoër-orde-denkvaardighede te ontwikkel. Om te verseker dat dieselfde standaard vir alle skole geld, is dit nodig dat dieselfde vereistes aan alle leerders gestel word.



Slegs in *uitsonderlike omstandighede* en na goeddunke van die onderwyser mag leerders toegelaat word om die choreografie saam met 'n maat te doen, bv.:

- Daar is nie genoeg dansleerders in die skool om in al die choreografieë te dans nie
- Daar is te veel dansleerders in graad 12 en tyd en ruimte vir repetisies is beperk.
- 'n Konsep vereis meer as een choreograaf.

Leerders wat saam wil choreografeer, moet in hulle joernale motiveer waarom hulle dit wil doen en *getekende goedkeuring van hulle dansonderwyser kry*. Hulle moet aparte joernale hou en hulle individuele bydraes moet in die choreografie duidelik sigbaar wees. Dit moet deur die onderwyser gemonitor word en in elke leerder se individuele joernaal verduidelik word.

*Onderwysers moet hulle oordeel in uiterse gevalle gebruik* soos wanneer leerders met hulle dansers se toegewydheid sukkel, kan hulle toegelaat word om 'n duet aan te bied wat hulleself insluit. Onderwysers moet die situasie monitor en verseker dat die stuk op 'n graad 12-vlak ge choreografeer word en nie geïmproviseer word nie. Die punte kan dan die danser se onvermoë om sy/haar dansers te bestuur, reflekteer.

Leerders moes alreeds in die 4<sup>de</sup> kwartaal van hulle graad 11-jaar vir hulle choreografie-PAT in graad 12 begin voorberei het. Die onderwyser moes alreeds leiding gegee het met die ontwikkeling van bewegingsmateriaal deur improvisasie, die verkenning van woorde, simbole, teks, beeldhouwerke of skilderye (raadpleeg die graad 12-Dansstudies-handboek).

**Onderwysers moet leerders leiding gee oor hoe om 'n onderwerp uit die lys hieronder te kies:**

**VASGESTELDE choreografie-onderwerpe vir 2015:**

1. Geometriese vorms in beweging
2. Die sewe doodsondes
3. Die kringloop van die lewe
4. My land, Suid-Afrika
5. Kies 'n gedig of prentjie as inspirasie
6. Gebruik onkonvensionele dansruimtes
7. Kleur
8. Verander jou gedagtes ... verander jou wêreld

**Leiding met die choreografiese proses:**

Teen die einde van graad 11 of in die eerste weke van graad 12 moes leerders alreeds hulle onderwerpe vir hulle graad 12-choreografie gekies het en hulle idees aan die onderwyser voorgelê het.

Elke leerder moet hulle eie kopie van die 'Instruksies aan leerders' ontvang.

Onderwysers moet terugvoer gee en leerders leiding gee oor die volgende waar nodig:

- **Ontwikkeling van hulle onderwerp** deur navorsing, analise en die abstraksie van idees tot beweging.
- **Genre/style/vorm:** Die choreografie is nie beperk is tot die hoofdansvorm of enige bepaalde genre of styl nie. Leerders moet vrye keuse hê en aangemoedig word om af te wyk van bekende formasies en om 'n nuwe bewegingwoordeskat en strukture deur improvisasie te skep.
- **Begeleiding:** Kan musiek, stem, liggaamsperkussie, stilte of klanke insluit. Let daarop dat musiek met woorde vermy moet word aangesien leerders neig om dit letterlik te interpreteer.
- **Gebruik van dansers:** Daar word voorgestel dat elke leerder-choreograaf Dansstudies-leerders in graad 10–12 as dansers gebruik. Om hierdie leerders aan te moedig om toegewyd te wees en om getrou saam te werk, word aanbeveel dat punte toegeken word vir hulle deelname aan graad 12-choreografieë as deel van hulle praktiese eksamen/toetspunt.
- **Organisering van repetisies:** Let daarop dat onderwysers verantwoordelikheid moet aanvaar om leerders by te staan met die organisering van dansrepetisies en die deel van ruimte. Onderwysers moet die repetisieproses monitor en tydens repetisies teenwoordig wees. Dit sal ook verseker dat choreografe nie hulle dansers beseer nie.
- **Sorgvuldige oorweging van die gebruik van produksie-elemente**, bv. rekwisiete, kostuums, beligting en begeleiding (musiek, stem, slaginstrumente of liggaamsperkussie). Indien skole nie toegang tot beligtingsgeriewe het nie, moet leerders aangemoedig word om hulle beligtingsontwerp te visualiseer en daarvoor in hulle joernale te skryf. Leerders moet aangemoedig word om 'n wye reeks tegnologieë te gebruik of om interdisiplinêre aspekte te integreer.

#### **Die choreografiepunte moet op die volgende kriteria gebaseer word:**

- Kommunikeer die onderwerp gekies deur beweging
- Toon eksperimentering en oorspronklikheid
- Toon choreografiese strukture, styl en danselemente (ruimte, tyd, krag)
- Toon geskikte gebruik van begeleiding/musiek
- Betrokke by die produksie-elemente

#### **Leiding met die ontwikkeling van die joernaal:**

Onderwysers moet leerders leiding gee oor hoe om in hulle joernale te besin en hulle aanmoedig om soveel as moontlik te skryf. Onderwysers moet hierdie joernale gereeld lees, kommentaar lewer en dateer en leerders terugvoer gee oor hulle vordering, hulle uitdagings en hoe om voort te gaan. Die klem is op die gehalte van die leerders se insig en ontwikkeling en nie op dekor nie. Die joernaal moet 'n geskrewe aanbieding wees wat die volgende insluit:

- Beplanning en voorbereiding
- Tydsbestuur, repetisieskedis en bywoningsregister
- Ontwikkeling van die choreografiese idees en struktuur
- Ontwerp bv. kostuums, rekwisiete, beligting, ens.
- Keuse van musiek/begeleiding
- Tekeninge, sketse, foto's of illustrasies
- Leierskaprol en spanwerk: hoe hulle omgaan met hulle dansers
- Selfbesinning oor hulle proses insluitende wat uit die choreografiese proses geleer is

**Leiding met die ontwikkeling van die een-bladsy-program vir die choreografie-opvoering:**

Dit moet goed uitgelê wees en netjies aangebied word. Daar moet geen spel-/taalfoute wees nie en dit moet tydens die choreografie-assessering voorgelê word.

Dit moet die volgende insluit:

- Titel van die werk – choreograaf se naam
- Sinopsis van die werk: moet die gehoor die hoofonderwerp/-konsep/-boodskap agter die choreografie gee
- Dansers
- Musiek moet die titel/kunstenaar insluit
- Illustrasies/gedig/foto's indien nodig

**GRAAD 12: PAT 1: NASIENINSTRUMENT VIR CHOREOGRAFIE**

**LET WEL:** Die instrument hieronder verskil van die voorbeeld in die KABV-dokument op bl. 45. Dit is gewysig om die gewigswaarde tussen die praktiese en teoretiese aspekte te verbeter.

<b>NAAM VAN SKOOL:</b> <b>NAAM VAN ONDERWYSER:</b> <b>DATUM VAN OPVOERING:</b> <b>ONDERWYSER SE HANDTEKENING:</b> <b>HOD/MODERATOR SE HANDTEKENING EN DATUM:</b>	<b>Moontlike punt</b>	<b>Leerder se Naam</b>
<b>Die joernaal:</b> Belanning en voorbereiding insluitende: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Repetisieskedule en tydsbestuur</li> <li>• Ontwikkeling van die choreografiese idees en strukture</li> <li>• Ontwerp: kostuums, rekwisiete, beligting, ens.</li> <li>• Keuseproses van musiek</li> <li>• Leierskapsrol en spanwerk</li> <li>• Selfbesinning oor hulle proses insluitende wat uit die choreografiese proses geleer is</li> </ul>	2 3 3 1 3 3	
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>15</b>	
<b>'n Een-bladsy-programnota:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sinopsis</li> <li>• Uitleg</li> <li>• Titels (titel van stuk, choreograaf, musiek, dansers)</li> </ul>	3 4 3	
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>10</b>	
<b>HERLEI NA 5</b>	<b>5</b>	
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>20</b>	
<b>Die finale choreografie in die opvoering:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kommunikasie van bedoeling, spesifieke onderwerp of tema gekies uit die vasgestelde onderwerpe</li> <li>• Toon eksperimentering en oorspronklikheid</li> <li>• Toon choreografiese struktuur, styl en danselemente (ruimte, tyd, krag)</li> <li>• Toon gepaste gebruik van begeleiding/musiek</li> <li>• Betrokkenheid by produksie-elemente</li> <li>• Gebruik van dansers en dansgehalte/kompleksiteit van beweging</li> <li>• Algemene impak van die werk</li> </ul>	4 5 5 3 3 5 5	
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>30</b>	
<b>TOTALE PUNTE</b>	<b>50</b>	
<b>KOMMENTAAR:</b>	<b>GEMODEREERDE PUNT</b> <b>50</b>	

## **PAT 2: OPVOER VAN 'N VASGESTELDE GROEPDANS, PRODUKSIE EN BEMARKING**

Hierdie PAT het twee afdelings: 'n praktiese groepdansafdeling en 'n produksie-en-bemarkingsafdeling. Die produksie-en-bemarkingsafdeling kan aan die groepdans-opvoering of die choreografiese opvoering of aan beide gekoppel word. Die punte vorm egter deel van PAT 2.

### **GROEPDANS**

Leerders voer 'n groepdans, met 'n minimum lengte van 3 minute, in die hoofdansvorm op. Daar moet nie meer as 4-6 leerders per groep wees nie.

Elke groep moet aangemoedig word om die vasgestelde groepdans te verpersoonlik. Hierdie groepdans kan in die klas opgevoer word of as 'n openbare optrede aangebied word. Dit kan tydens dieselfde openbare optrede saam die leerderchoreografieë opgevoer word.

Die groepdans kan deur die onderwyser of 'n professionele choreograaf gechoreografeer word, of dit kan 'n uittreksel uit 'n professionele danswerk wees. ***Leerders mag nie hierdie PAT choreografeer nie.***

Die groepdans moet die leerders se danswoordeskat en -tegniek in die hoofdansvorm ontwikkel en uitbrei en moet vir hulle 'n **uitdaging** wees. Die dans moet leerders se vermoë om te kommunikeer en om aansluiting by mekaar te vind toon deur die gebruik van saam dans (optel opsioneel), ruimtelike patrone en tydsberekening. Die groepdans moet leerders in staat te stel om variasies in dinamika te toon en om atmosfeer te skep. Klem moet op die gehalte van beweging, oorgange en uitdrukking gelê word.

Leerders moet vooraf in kennis gestel word oor die kriteria waarvolgens hulle as individue in die groepdans geassesseer sal word.

### **PRODUKSIE EN BEMARKING**

In graad 12 moet leerders deelneem aan die beplanning van 'n openbare dansopvoering enige tyd gedurende die skooljaar. Hierdie opvoering kan die groepdans en/of die choreografieë insluit. Leerders moet as 'n span saamwerk om te verseker dat hulle onderskeie take tot 'n suksesvolle produksie bydra. Die leerders moet aktief verantwoordelikheid neem vir die beplanning en die bemarking van die produksie.

Die opvoering kan in 'n formele of informele opset plaasvind, bv. in die ateljee of skoolsaal vir hulle portuurgroep, ouers of 'n openbare gehoor. Indien die produksie nie in die openbaar gaan plaasvind nie, moet leerders die produksie-en-bemarkingstake simuleer.

**Leiding met die produksie-en-bemarkingsafdeling:**

1. Onderwysers moet al die rolle, verantwoordelikhede en take wat by die beplanning en reëlings van 'n produksie betrokke is, met die klas bespreek.
2. Onderwysers moet idees vir bemarkingstrategieë bespreek (sien KABV, bl. 32 en 33 en die graad 12-Dansstudies-handboek).
3. Elke leerder moet 'n organisatoriese rol in die produksie kies of dit moet gedelegeer word, bv.:
  - Produksiebeplanning, bv. begroting, finansiële bestuur en fondsinsameling
  - Bespreek lokaal/saal/plek, reël kaartjieverkope, plekaanwysing, lys van tegniese toerusting wat benodig word
  - Voorverhoog, plekaanwysers, kaartjieverkope, ens.
  - Verhoogbestuur
  - Beligtingstegnikus
  - Klanktegnikus
  - Garderobebestuur
  - Rekwisietebestuur
  - Programontwerp, druk en verkope
  - Voorbereiding van lokaal/saal/plek
  - Openbare skakelwese
  - Verhooghandlangers
  - Algemene handlanger
4. Elke leerder moet een voorbeeld van 'n bemarkingsinstrument/-materiaal maak, bv. plakkaat, strooibiljet, mediaverklaring, advertensie, kaartjieontwerp, elektroniese netwerk, radio-onderhoud, ens.
5. Elke leerder moet 'n geskrewe **produksie-en-bemarkingsverslag** van 2–3 bladsye in hulle PAT-joernaal opstel wat die volgende produksierolle en -verantwoordelikhede in hulle eie woorde (nie van die Internet af of uit die handboek gekopieer nie) dokumenteer, bv.:
  - Produksiebeplanning (begroting, fondsinsamelingsvoorstel, voorverhoogbestuur, verhoogbestuur)
  - Openbare skakeling en bemarkingstrategie en die suksesse en uitdagings daarvan
  - Hulle persoonlike betrokkenheid by hulle produksierol en besinning oor die uitkoms van die produksie
  - 'n Voorbeeld van bemarkingsmateriaal wat hulle ontwerp het (sien 4 hierbo)

**GRAAD 12: PAT 2: NASIENINSTRUMENT VIR GROEPDANS**

**LET WEL:** Die instrument hieronder verskil van die voorbeeld in die KABV-dokument op bl. 46. Dit is gewysig om die gewigswaarde tussen die praktiese en teoretiese aspekte te verbeter.

<b>NAAM VAN SKOOL:</b> <b>NAAM OF ONDERWYSER:</b> <b>DATUM VAN OPVOERING:</b> <b>ONDERWYSER SE HANDTEKENING:</b> <b>HOD/MODERATOR SE HANDTEKENING EN DATUM:</b>	Moontlike punt	Leerder 1	Leerder 2	Leerder 3	Leerder 4	Leerder 5	Leerder 6
Beginsels van die hoofdansvorm korrek toegepas; vertolking van dansgenre en -styl	5						
Akkurate reproduksie van sekwense, musikaliteit en aandag aan besonderhede	5						
Kompleksiteit van danswoordeskat en -tegniek, krag, soepelheid en uithouvermoë, koördinasie en beheer, veilige gebruik van die liggaam	5						
Gehalte van beweging: dinamika, vloeiendheid en ratsheid, oorgange, oorgawe van beweging, selfvertroue en konsekwentheid, fokus, teenwoordigheid, oordrag van gevoel en energie	5						
Houding, deelname en vordering tydens repetisies/klasse	5						
Werk saam ander in 'n groep, bewustheid van self en andere in 'n ruimte, uitdrukkingsvolle interaksie met ander dansers, sensitiewe saamdans	5						
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>30</b>						
<b>Beplanning van die produksie en verslag:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Algemene produksiebeplanning</li> <li>• Bemarkingstrategie</li> <li>• Persoonlike rol in die produksie</li> <li>• Bemerkingsmateriaalontwerp</li> </ul>	5 5 5 5						
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>20</b>						
<b>TOTAAL</b>	<b>50</b>						
<b>GEMODEREERDE PUNT</b>	<b>50</b>						
<b>KOMMENTAAR:</b>							

## 2.5 Afwesigheid/Take nie ingelewer nie

Die praktiese komponent van die Dansstudies-PAT is 'n noodsaaklike deel van die vak. Dit tel 60% van die PAT'e. Indien een of beide PAT'e nie voltooi word nie, sal leerders 'n onvolledige uitslag kry wat sal voorkom dat hulle matrikuleer.

### **Dansers met ernstige siektes of beserings**

Indien kandidate gedurende die skooljaar beserings opdoen wat voorkom dat hulle hul PAT'e voltooi, sal daar van hulle verwag word om die werk te voltooi sodra hulle herstel het.

'n Onlangse mediese sertifikaat, nie ouer as 'n week nie, moet by die onderwyser ingedien word teen die tyd van die PAT-assessering.

Let daarop dat swangerskap nie 'n siekte of 'n besering is nie. Swanger leerders mag toegelaat word om hulle PAT-assessering vroeër of later in die jaar voort te lê.

Indien die leerder 'n ernstige siekte of besering opdoen voordat een of beide PAT'e voltooi is, en dit voorkom asof die leerder nie betyds sal herstel om dit binne die graad 12-jaar te voltooi nie, kan die leerder aansoek doen om 'n omvangryke navorsingsprojek in die plek van elke PAT wat gemis is, te doen.

### **In hierdie geval moet die volgende prosedures gevolg word:**

- Doen aansoek by die provinsiale Hoof van Onderwys, met 'n motiveringsbrief van die skoolhoof en die ouers en 'n mediese sertifikaat wat nie ouer as 'n week is nie, vir toestemming vir vrystelling. Die mediese sertifikaat moet stawende bewys lewer, soos X-strale/bloedtoetse.
- Die vrystelling sal die leerder in staat stel om 'n mondelinge navorsingsprojek in die plek van elke PAT gemis, aan te bied.
- Die navorsingsaanbieding en -verslag sal deur eksterne eksaminatore nagesien word.

### **Riglyne vir 'n navorsingsonderwerp:**

Kandidate moet deeglike navorsing oor 'n dansonderwerp doen. Dit kan op dansgeskiedenis, dansgeletterdheid of dansteorie, anatomie of gesondheidsorg vir dansers wees. Leerders moet hulle navorsing mondeling en skriftelik aanbied. Die geskrewe navorsing moet 'n minimum van 1 500 woorde wees en moet illustrasies insluit.



**Nasienkriteria:**

- Geskiktheid van die onderwerp
- Beepanning en uitvoer van die navorsing
- Deeglike kennis en begrip van die onderwerp
- Struktuur van die skryfstuk (inleiding van die onderwerp en motivering, hoofdeel van die navorsing, gevolgtrekking)
- Relevante kies van inligting
- Visuele aanbieding van inligting
- Mondelinge aanbieding van die navorsing aan die klas/eksamenpaneel
- Logiese en samehangende skryfstyl
- Verwysings

**Riglyne vir verwysings:**

- Verwysings moet tussen hakies aan die einde van die stelling of aanhaling geplaas word. Die eerste keer wat dit gebruik word, moet dit volledig uitgeskryf word (sien hieronder). Daarna hoef dit egter slegs die van, jaar en bladsynommer in te sluit, bv. (Adsheed-Lansdale, 1994, bl. 4)
- Volledige verwysing:
  - Naam (van eerste, dan eerste voorletter)
  - Jaar
  - Naam van boek of bron (gewoonlik onderstreep)
  - Plek van publikasie (Londen)
  - Uitgewer (Routledge)

Volledig uitgeskryf moet dit soos volg lyk:

Mazo, J. (1977) Prime Movers: The Makers of Modern Dance in America, New York, Marrow

Alle kandidate moet 'n verklaring van egtheid wat deur die onderwyser en leerder geteken is, aanbied.

Straf vir plagiaat = 0 punte

### 3. RIGLYNE/INSTRUKSIES VIR DIE LEERDER

#### 3.1 Instruksies vir die leerder

##### Die assesseringsprogram vir graad 12 bestaan uit:

- Skoolgebaseerde assessering (SGA), interne toetse en eksamens 25% van die punte
- Praktiese assesseringstake (PAT'e) 25% van die punte
- Finale eksterne eksamens 50% van die punte

##### Waarde van die PAT'e

Die PAT'e se waardes is gelyk aan al die interne toetse en eksamens saam. Dit moet dus met groot erns benader word. Die PAT'e se vereistes is beide prakties en teoreties.

Alle graad 12-leerders moet in kwartaal 4 van 2014 'n afskrif van die vereistes van die praktiese assesseringstaak (PAT) ontvang om vir verwysingsdoeleindes in die werkboek/-lêer te plaas.

##### PAT-joernaal

Die informele en formele voorbereiding vir **albei PAT'e moet in 'n joernaal aangeteken word** wat spesifiek vir Dansstudies gehou word. Die geskrewe voorbereiding moet bestaan uit:

- Navorsing
- Opdragte
- Bebeplanning
- Besinning
- Enige ander aantekeninge wat nodig is om vir 'n opvoering in Dansstudies voor te berei

Joernaalriglyne vir elke PAT word hieronder verskaf.

#### 3.2 Take

##### PAT 1: CHOREOGRAFIE

Hierdie PAT bestaan uit drie afdelings: die choreografie, die joernaal en die een-bladsy-programnota.

Jy moet 'n danswerk van 2–3 minute choreografeer waarin 3 of meer dansers gebruik word, wat nie jouself insluit nie.

Daar word verkies dat elke leerder sy/haar eie dans choreografeer. Slegs onder sekere omstandighede is dit aanvaarbaar dat twee leerders saam aan een choreografie werk. Indien jy voel dat jy saam 'n maat moet werk, sal jy skriftelik moet motiveer waarom julle twee-twee wil saamwerk. Die besluit berus by jou onderwyser om dit toe te laat, op voorwaarde dat elke persoon ewe veel bydra en hulle individuele bydraes kan bewys. Jy sal in jou eie aparte joernaal moet verduidelik hoe julle saamgewerk het. Jou individuele bydrae moet sigbaar wees.

### Keuse van 'n konsep:

Vir 2015 moet leerders 'n onderwerp uit die lys hieronder kies:

#### VASGESTELDE choreografie-onderwerpe vir 2015:

1. Geometriese vorms in beweging
2. Die sewe doodsondes
3. Die kringloop van die lewe
4. My land, Suid-Afrika
5. Kies 'n gedig of prentjie as inspirasie
6. Gebruik onkonvensionele dansruimtes
7. Kleur
8. Verander jou gedagtes ... verander jou wêreld

### Riglyne vir jou choreografie:

Teen die einde van graad 11 of in die eerste weke van graad 12 moes jy alreeds jou onderwerp vir jou graad 12-choreografie gekies het en jou idees aan jou dansonderwyser voorgelê het sodat jy nie te min tyd het nie.

### Oorweeg die volgende aspekte:

- **Ontwikkel jou onderwerp** deur navorsing, analise en abstraksie van idees tot beweging.
- **Ondersoek deur improvisering en skep 'n nuwe bewegingswoordeskat.** Jou choreografie is nie beperk tot jou hoofdansvorm of enige spesifieke genre of styl nie. Wyk sover as moontlik af van bekende passies en formasies. Gebruik alles wat jy uit jou improvisasiestudies in graad 10–12 geleer het.
- **Kies jou begeleiding op skeppende wyse.** Jy kan musiek, stem, liggaamsperkussie, stilte of klanke gebruik. Let daarop dat musiek met woorde vermy moet word aangesien dit neig om choreografie te letterlik maak. Onderwysers kan jou ook met 'n keurspel van musiek voorsien.
- **Kies jou dansers versigtig.** Dit is beter om graad 10–12-Dansstudies-leerders van jou eie skool te gebruik. Onthou dat graad 12-dansers in mekaar se danswerke mag dans. Jy sal jou dansers moet aanmoedig om toegewyd en konsekwent in hulle bywoning te wees. Daar word voorgestel dat jy aan die begin 'n kontrak met jou dansers en hul ouers sluit.

- **Organiseer gereelde repetisies** en wees voorbereid vir elke repetisie sodat jy nie jou dansers se tyd mors nie. Jou onderwyser sal jou help met die organisering van repetisies en repetisieruimte en moet soveel as moontlik teenwoordig wees om jou repetisies te monitor. Wys jou werk gereeld vir jou onderwyser om raad te kry.
- **Werk veilig** met jou dansers om beserings te vermy.
- **Oorweeg die gebruik van produksie-elemente**, bv. rekwisiete, kostuums, beligting en begeleiding (musiek, stem, slaginstrumente of liggaamsperkussie). Indien jou skool nie toegang tot beligtingsgeriewe het nie, moet jy die beligtingsontwerp wat jy sou gebruik het, beplan en daarvoor in jou joernaal skryf. Dink daaraan om 'n reeks tegnologieë te gebruik of kombineer verskillende dissiplines soos gedigte/mimiek/sang/drama, ens.
- **Organiseer die verfilming van jou choreografie op DVD vir moderering (met jou onderwyser se hulp).**

### Skryf jou joernaal:

Jou joernaal moet 'n skriftelike aanbieding wees wat die volgende insluit:

- Beplanning en voorbereiding
- Tydsbestuur: repetisieskedule en bywoningsregister
- Ontwikkeling van jou choreografiese idees en struktuur
- Ontwerp bv. kostuums, rekwisiete, beligting, ens.
- Jou tekeninge, sketse, foto's of illustrasies
- Keuse van musiek/begeleiding
- Hoe jy leiding gee en die interaksie tussen jou en jou dansers
- Selfbesinning oor jou proses insluitende wat jy uit hierdie choreografiese proses geleer het

Die belangrikste aspek van jou joernaal is jou skryfwerk en jou besinning eerder as die versierings.

Jou joernaal vorm deel van jou choreografie-assessering. Maak seker dis beskikbaar op die dag waarop jy geassesseer word.

Jy moet van tyd tot tyd jou joernaal aan jou onderwyser voorlê vir terugvoer.

### Voorbereiding van 'n een-bladsy-programnota:

Jy moet 'n een-bladsy-**programnota** vir die opvoer van jou choreografie voorberei.

Die uitleg moet goed wees en dit moet netjies en sonder spel- en taalfoute wees. Dit moet by die choreografie-assessering voorgelê word.

### Jou programnota moet die volgende insluit:

- Titel van die werk – choreograaf se naam (jy)
- Sinopsis van die werk: dit moet die gehoor die hooftema/-konsep/-boodskap agter die choreografie te gee
- Name van dansers
- Naam van die musiek moet die titel en kunstenaar insluit
- Illustrasies/gedig/foto's indien nodig

## **PAT 2: OPVOER VAN 'N VASGESTELDE GROEPDANS, PRODUKSIE EN BEMARKING**

Hierdie PAT het twee afdelings: 'n praktiese groepdansafdeling en 'n produksie-en-bemarkingsafdeling. Die produksie-en-bemarkingsafdeling kan aan die groepdans-opvoering of aan die choreografiese opvoering of aan beide gekoppel word. Die punte vorm egter deel van PAT 2.

### **GROEPDANS**

Jy sal 'n groepdans, met 'n minimum lengte van 3 minute, **in jou hoofdansvorm** aanleer en opvoer. Daar moet nie meer as 4–6 leerders per groep wees nie. Die groepdans kan deur jou onderwyser of 'n professionele choreograaf choreografeer word of dit kan 'n uittreksel uit 'n professionele danswerk wees. Jy mag nie die groepdans choreografeer nie.

Die groepdans moet jou danswoordeskat en -tegniek in jou hoofdansvorm ontwikkel en uitbrei en dit moet vir jou 'n **uitdaging** wees. Die dans moet jou vermoë om te kommunikeer en aansluiting by ander te vind, toon deur saam dans (optel opsioneel), ruimtelike patrone en tydsberekening te gebruik. Dit moet jou in staat stel om variasies in dinamika te toon en om atmosfeer te skep. Die belangrikste aspekte is jou bewegingsgehalte, oorgange en uitdrukking.

Jy en jou groep moet die dans aanleer en dit dan ontwikkel/verpersoonlik deur julle eie vertolking daarvan te gee.

### **PRODUKSIE EN BEMARKING**

In jou graad 12-jaar sal jy een of ander tyd gedurende die skooljaar aan die beplanning van 'n openbare dansopvoering moet deelneem. Hierdie opvoering kan die groepdans en/of die choreografieë insluit. Jy en jou portuurgroep moet as 'n span saamwerk om te verseker dat julle onderskeie take tot 'n suksesvolle produksie bydra. Jy moet aktief verantwoordelikheid neem vir beide die beplanning en die bemarking van die produksie. Jou onderwyser sal al die rolle, verantwoordelikhede en take betrokke by die beplanning en reël van 'n produksie bespreek asook hoe om 'n bemarkingstrategie te beplan.

#### **Jou take sal die volgende insluit:**

1. Jy sal 'n organisatoriese rol in die produksie kies of dit sal aan jou gedelegeer word, bv.:
  - Produksiebeplanning bv. begroting, fondsinsameling, finansiële bestuur, lys van tegniese toerusting wat benodig word, bespreek van lokaal/saal/plek
  - Voorbereiding van lokaal/saal/plek
  - Voorverhoog, plekaanwysers, kaartjieverkope
  - Verhoogbestuurder, verhooghandlanger, algemene handlanger
  - Beligtingstegnikus
  - Klanktegnikus
  - Garderobebestuur
  - Rekwisietebestuur
  - Programontwerp, druk en verkope
  - Openbare skakelwese

2. Daar sal van jou verwag word om een voorbeeld van 'n bemarkings-instrument/-materiaal te maak, bv. plakkaat, strooibiljet, mediaverklaring, advertensie, kaartjieontwerp, elektroniese netwerk, radio-onderhoud, ens. om in jou joernaal te plaas.
3. Jy moet 'n geskrewe **produksie-en-bemarkingsverslag** van 2–3 bladsye in jou PAT-joernaal opstel wat die volgende rolle en verantwoordelikhede in jou eie woorde (nie van die Internet af of uit die handboek gekopieer nie) dokumenteer, bv.:
  - Begroting, fondsinsameling
  - Voorverhoogbestuur
  - Verhoogbestuur
  - Openbare skakelwese
  - Bemarkingstrategie en die suksesse en uitdagings
  - Jou persoonlike betrokkenheid en produksierol insluitende besinning oor die uitkoms van die produksie
  - Die voorbeeld van die bemarkingsmateriaal wat jy ontwerp het

### 3.3 Assesseringsinstrumente

Die kriteria waarvolgens jy geassesseer sal word, word hieronder getoon.

#### GRAAD 12: PAT 1: NASIENINSTRUMENT VIR CHOREOGRAFIE

<b>NAAM VAN SKOOL:</b> <b>NAAM VAN ONDERWYSER:</b> <b>DATUM VAN OPVOERING:</b> <b>ONDERWYSER SE HANDTEKENING:</b> <b>HOD/MODERATOR SE HANDTEKENING EN DATUM:</b>	Moontlike punt	Leerder se Naam
<b>Die joernaal:</b> Beplanning en voorbereiding insluitende: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Repetisieskedule en tydsbestuur</li> <li>• Ontwikkeling van die choreografiese idees en strukture</li> <li>• Ontwerp: kostuums, rekwisiete, beligting, ens.</li> <li>• Keuseproses van musiek</li> <li>• Leierskapsrol en spanwerk</li> <li>• Selfbesinning oor hulle proses insluitende wat uit die choreografiese proses geleer is</li> </ul>	2 3 3 1 3 3	
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>15</b>	
<b>'n Een-bladsy-programnota:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sinopsis</li> <li>• Uitleg</li> <li>• Titels (titel van stuk, choreograaf, musiek, dansers)</li> </ul>	3 4 3	
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>10</b>	
<b>HERLEI NA 5</b>	<b>5</b>	
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>20</b>	
<b>Die finale choreografie in die opvoering:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kommunikasie van bedoeling, spesifieke onderwerp of tema gekies uit die vasgestelde onderwerpe</li> <li>• Toon eksperimentering en oorspronklikheid</li> <li>• Toon choreografiese struktuur, styl en danselemente (ruimte, tyd, krag)</li> <li>• Toon gepaste gebruik van begeleiding/musiek</li> <li>• Betrokkenheid by produksie-elemente</li> <li>• Gebruik van dansers en dansgehalte/kompleksiteit van beweging</li> <li>• Algemene impak van die werk</li> </ul>	4 5 5 3 3 5 5	
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>30</b>	
<b>TOTALE PUNTE</b>	<b>50</b>	
<b>KOMMENTAAR:</b>	<b>GEMODEREERDE PUNT</b> <b>50</b>	

**GRAAD 12: PAT 2: NASIENINSTRUMENT VIR GROEPDANS**

<b>NAAM VAN SKOOL:</b> <b>NAAM OF ONDERWYSER:</b> <b>DATUM VAN OPVOERING:</b> <b>ONDERWYSER SE HANDTEKENING:</b> <b>HOD/MODERATOR SE HANDTEKENING EN DATUM:</b>	Moontlike punt	Leerder 1	Leerder 2	Leerder 3	Leerder 4	Leerder 5	Leerder 6
Beginsels van die hoofdansvorm korrek toegepas; vertolking van dansgenre en -styl	5						
Akkurate reproduksie van sekwense, musikaliteit en aandag aan besonderhede	5						
Kompleksiteit van danswoordeskat en -tegniek, krag, soepelheid en uithouvermoë, koördinasie en beheer, veilige gebruik van die liggaam	5						
Gehalte van beweging: dinamika, vloeiendheid en ratsheid, oorgange, oorgawe van beweging, selfvertroue en konsekwentheid, fokus, teenwoordigheid, oordrag van gevoel en energie	5						
Houding, deelname en vordering tydens repetisies/klasse	5						
Werk saam ander in 'n groep, bewustheid van self en andere in 'n ruimte, uitdrukkingsvolle interaksie met ander dansers, sensitiewe saamdans	5						
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>30</b>						
<b>Bepanning van die produksie en verslag:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Algemene produksiebepanning</li> <li>• Bemakingstrategie</li> <li>• Persoonlike rol in die produksie</li> <li>• Bemakingsmateriaalontwerp</li> </ul>	5 5 5 5						
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>20</b>						
<b>TOTAAL</b>	<b>50</b>						
<b>GEMODEREERDE PUNT</b>	<b>50</b>						
<b>KOMMENTAAR:</b>							



### 3.4 Vereistes vir aanbieding van die PAT'e

Die choreografie en groepdans kan in die klas of tydens 'n openbare optrede plaasvind. Albei kan tydens dieselfde openbare optrede plaasvind, d.i. die leerderchoreografie en die groepdans.

Die opvoering kan in 'n formele of informele opset plaasvind, bv. in die ateljee of skoolsaal vir die portuurgroep, ouers of 'n openbare gehoor. Indien die produksie nie in die openbaar gaan plaasvind nie, moet leerders die produksie- en bemarkingstake simuleer.

### 3.5 Tydraamwerke

Die tydraamwerke kan verskil volgens die verskillende kontekste in verskillende provinsies.

PAT 1-choreografie word gewoonlik vir kwartaal 1 geskeduleer. Daar is 'n aantal redes hiervoor:

1. Repetisies vir elke leerder se choreografie neem so baie tyd dat dit beter is om dit in die eerste kwartaal te voltooi sodat jy die res van die jaar op jou tegniek en opvoeringswerk kan fokus.
2. Voorbereiding vir die graad 12-choreografie moet in die 4<sup>de</sup> kwartaal van graad 11 begin word sodat genoeg tyd daaraan spandeer kan word.
3. PAT 2 kan in kwartaal 2 of kwartaal 3 voltooi word. Jy sal waarskynlik die groepdans aan die begin van die jaar of selfs aan die einde van graad 11 begin aanleer sodat jy dit goed ken wanneer die opvoering plaasvind. Op hierdie wyse sal jy die dans uitdrukkingsvol en met jou eie vertolking daarvan kan opvoer. Hoe meer jy jou dans repeteer, hoe sterker sal jy word en jou tegniek sal met rasse skrede verbeter.
4. PAT 1 of 2 hoef egter nie in die gespesifiseerde volgorde per kwartaal gedoen te word nie. Jou onderwyser kan besluit om die volgorde om te ruil.
5. Jy moet regdeur die jaar in jou joernaal skryf om jou eie ontwikkeling te volg en te stuur.

### 3.6 Afwesigheid/Take nie ingelewer nie

Die praktiese komponent van die Dansstudies-PAT is 'n noodsaaklike deel van die vak. Dit tel 60% van die PAT'e. Indien een of beide PAT'e nie voltooi word nie, sal leerders 'n onvolledige uitslag kry wat sal voorkom dat hulle matrikuleer.

**Dansers met ernstige siektes of beserings**

Indien kandidate gedurende die skooljaar beserings opdoen wat voorkom dat hulle hul PAT'e voltooi, sal daar van hulle verwag word om die werk te voltooi sodra hulle herstel het.

'n Onlangse mediese sertifikaat, nie ouer as 'n week nie, moet by die onderwyser ingedien word teen die tyd van die PAT-assessering.

Let daarop dat swangerskap nie 'n siekte of 'n besering is nie. Swanger leerders mag toegelaat word om hulle PAT-assessering vroeër of later in die jaar aan te bied.

Indien die leerder 'n ernstige siekte of besering opdoen voordat een of beide PAT'e voltooi is en dit voorkom asof die leerder nie betyds sal herstel om dit binne die graad 12-jaar te voltooi nie, kan die leerder aansoek doen om 'n omvangryke navorsingsprojek in die plek van elke PAT wat gemis is, te doen.

**In hierdie geval moet die volgende prosedure gevolg word:**

- Doen aansoek by die provinsiale Hoof van Onderwys met 'n motiveringsbrief van die skoolhoof en die ouers en 'n mediese sertifikaat wat nie ouer as 'n week is nie, vir toestemming vir vrystelling. Die mediese sertifikaat moet stawende bewys lewer, soos X-strale/bloedtoetse.
- Die vrystelling sal die leerder in staat stel om 'n mondelinge en geskrewe navorsingsprojek in die plek van elke PAT gemis, aan te bied.
- Die navorsingsaanbieding en -verslag sal deur die eksterne eksaminatore nagesien word.

**Riglyne vir 'n navorsingsonderwerp:**

Kandidate moet deeglike navorsing oor 'n dansonderwerp doen. Dit kan op dansgeskiedenis, dansgeletterdheid of dansteorie, anatomie of gesondheidsorg vir dansers gebaseer wees. Leerders moet hulle navorsing mondeling en skriftelik aanbied. Die skriftelike navorsing moet 'n minimum van 1 500 woorde wees en moet illustrasies insluit.

**Nasienkriteria:**

- Geskiktheid van die onderwerp
- Beplanning en uitvoer van die navorsing
- Deeglike kennis en begrip van die onderwerp
- Struktuur van die skryfstuk (inleiding van die onderwerp en motivering, hoofdeel van die navorsing, gevolgtrekking)
- Relevante keuse van inligting
- Visuele aanbieding van inligting
- Mondelinge aanbieding van die navorsing vir die klas/eksamenpaneel
- Logiese en samehangende skryfstyl
- Verwysings

**Riglyne vir verwysings:**

- Verwysings moet tussen hakies aan die einde van die stelling of aanhaling geplaas word. Die eerste keer wat dit gebruik word, moet dit volledig uitgeskryf word (sien hieronder). Daarna hoef dit egter slegs die van, jaar en bladsynommer in te sluit, bv. (Adshead-Lansdale, 1994, bl. 4)
- Volledige verwysing:
  - Naam (van eerste, dan eerste voorletter)
  - Jaar
  - Naam van boek of bron (gewoonlik onderstreep)
  - Plek waar dit gepubliseer is (Londen)
  - Uitgewer (Routledge)

Volledig uitgeskryf moet dit soos volg lyk:

Mazo, J. (1977) Prime Movers: The Makers of Modern Dance in America, New York, Marrow

Alle kandidate moet 'n verklaring van egtheid wat deur die onderwyser en leerder geteken is, aanbied.

Straf vir plagiaat = 0 punte

**3.7 Verklaring van egtheid**

Plaas 'n **verklaring van egtheid** in jou joernaal waarin jy verklaar dat die choreografiese werk jou eie is en dat jou onderwyser 'n getuie was toe dit gerepeteer is. Dit moet deur jou en die onderwyser onderteken word.

Jy moet oneerlike handeling soos die volgende vermy:

- Gebruik uittreksels uit die werk van ander dansers/choreografe/onderwysers of uit musiekvideo's
- Gebruik jou eie dansers om jou dans te choreografeer
- Bied geïmproviseerde werk as choreografie aan (leerders mag tydens repetisies help deur improvisasie en die skep van bewegingsekwense onder jou leiding, maar as choreograaf moet jy die keuses vir die finale opvoering maak)

Die Departement sal oneerlike handeling swaar straf en dit kan daartoe lei dat 'n leerder 'n nulpunt vir die taak kry.

#### 4. BRONNELYS

Die volgende bronne, toerusting en geriewe word voorgestel vir die implementering van die PAT, soos benodig:

##### **Bronne en toerusting:**

- Graad 12-Dansstudies-handboeke vir leerders en onderwysers
- CD's en musikale instrumente, musiekstelsel
- Literatuur/Artikels/Handboeke oor dans (boeke, tydskrifte, Internet)
- Toegang tot navorsingsinligting oor onderwerpe wat in die leerderchoreografieë ondersoek moet word, bv. boeke, tydskrifte, koerante, Internet
- *Dansstudies: Onderrig van Improvisasie, Choreografie en Produksie* (WKOD 2009)
- Repertoire vir die dansgenre gekies
- Rekwisiete, kostuums, lokaal/saal/plek waar opvoering gaan plaasvind en ander produksie-elemente indien beskikbaar, bv. beligting
- Videokamera om die inheemse danse, groepdanse en die choreografieë op te neem

##### **Geriewe:**

- Lokaal/Saal met geveerde houtdansvloer
- Repetisielokaal/dansateljee (spieëls is 'n voordeel) met geveerde houtdansvloer
- Aantrekkamers

##### **Menslike hulpbronne:**

- Leerders om aan die dans deel te neem wat deur die portuurgroep gechoreografeer is
- Personeel en leerders en gemeenskapsondersteuning

#### 5. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te demonstree; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

**BYLAE A: ADDISIONELE ASSESSERINGSINSTRUMENTE EN -RUBRIEKE**

<b>PRESTASIE-AANDUIDERS: PAT 1: CHOREOGRAFIE</b>	
<b>Uitstaande Vlak 8</b> <b>90–100%</b>	<p><b>Joernaal:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gedokumenteerde bewys van ontwikkeling van choreografie-idees deur navorsing/eksperimentering/ondersoek</li> <li>• Choreograaf selfgemotiveerd, selfgedisiplineerd, goed georganiseer, uitstaande leierskapsvaardighede</li> <li>• Insiggewende besinning oor die choreografiese proses</li> <li>• Bestuur dansers en repetisies baie goed</li> <li>• Denke en ontwerpproses van kostuums, rekwisiete, keuse van musiek</li> </ul> <p><b>Programnota:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Uitstekende een-bladsy-programnota wat alle kriteria insluit</li> </ul> <p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dans het 3 of meer dansers, is ten minste 2 minute lank</li> <li>• Inspirerend, hoogs verbeeldingryk, oorspronklik, goed gestruktureer</li> <li>• Gesofistikeerde gebruik van danselemente en -middels, toepaslike gebruik van produksie-elemente, musiekkeuse versigtig oordink/begeleiding/rekwisiete/kostuums</li> <li>• Gebruik komplekse bewegingswoordeskat op toepaslike wyse</li> <li>• Die onderwerp word duidelik en skeppend gekommunikeer</li> <li>• Dansers voer die werk met selfvertroue, energie en op dinamiese wyse op</li> </ul>
<b>Verdiensielik Vlak 7</b> <b>80–89%</b>	<p><b>Joernaal:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Choreograaf selfgemotiveerd, selfgedisiplineerd, het 'n poging aangewend, goed georganiseer, baie goeie leierskapsvaardighede</li> <li>• Baie goeie besinning oor die choreografiese proses</li> <li>• Bestuur dansers en repetisies goed</li> </ul> <p><b>Programnota:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Baie goeie een-bladsy-programnota wat alle kriteria insluit</li> </ul> <p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dans het 3 of meer dansers, is ten minste 2 minute lank</li> <li>• Verbeeldingryk, oorspronklik, goed gestruktureer</li> <li>• Baie goeie gebruik van danselemente en -middele, toepaslike gebruik van produksie-elemente, baie goeie musiekkeuse/begeleiding/rekwisiete/kostuums</li> <li>• Gebruik 'n hoëvlak-bewegingswoordeskat toepaslik</li> <li>• Kommunikeer die onderwerp duidelik</li> <li>• Dansers voer die werk met selfvertroue, energie en op dinamiese wyse op</li> </ul>
<b>Wesenlik Vlak 6</b> <b>70–79%</b>	<p><b>Joernaal:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Choreograaf selfgemotiveerd, selfgedisiplineerd, het 'n poging aangewend, goed georganiseer, baie goeie leierskapsvaardighede</li> <li>• Goeie besinning oor die choreografiese proses</li> <li>• Bestuur dansers en repetisies goed</li> </ul> <p><b>Programnota:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Goeie een-bladsy-programnota wat alle kriteria insluit</li> </ul> <p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dans het 3 of meer dansers, is ten minste 2 minute lank</li> <li>• Verbeeldingryk, goed gestruktureer, kreatief</li> <li>• Goeie gebruik van danselemente en -middele, toepaslike gebruik van produksie-elemente, goeie musiekkeuse/begeleiding/rekwisiete/kostuums</li> <li>• Gebruik 'n goeie bewegingswoordeskat toepaslik</li> <li>• Kommunikeer die onderwerp duidelik</li> <li>• Dansers voer die werk met selfvertroue, energie en entoesiasme op</li> </ul>

<b>Voldoende Vlak 5 60–69%</b>	<p><b>Joernaal:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Choreograaf het 'n poging aangewend, georganiseerd, 'n paar leierskapsvaardighede getoon</li> <li>• Choreografiese proses toon besinning</li> <li>• Bestuur dansers en repetisies</li> </ul> <p><b>Programnota:</b> Een-bladsy-programnota wat alle kriteria insluit</p> <p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dans het 3 of meer dansers, is ten minste 2 minute lank</li> <li>• Goed gestruktureer, kreatief</li> <li>• Duidelike, interessante en toepaslike begin en einde. Aanvaarbare musiekkeuse/begeleiding/rekwisiete/kostuums.</li> <li>• Bewegingswoordeskat word toepaslik gebruik</li> <li>• Kommunikeer die onderwerp</li> <li>• Dansers voer die werk met vertroue op</li> </ul>
<b>Matig Vlak 4 50–59%</b>	<p><b>Joernaal:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Choreograaf het 'n poging aangewend, georganiseerd, beperkte leierskapsvaardighede getoon</li> <li>• Choreografiese proses toon 'n bietjie besinning</li> <li>• Bestuur dansers en repetisies met ondersteuning</li> </ul> <p><b>Programnota:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Een-bladsy-programnota wat alle kriteria insluit</li> </ul> <p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dans het 3 of meer dansers, is ten minste 2 minute lank</li> <li>• Beperkte struktuur</li> <li>• Begin en einde ingesluit. Aanvaarbare musiekkeuse/begeleiding/rekwisiete/kostuums.</li> <li>• Basiese bewegingswoordeskat gebruik</li> <li>• Kommunikeer die onderwerp op party plekke</li> <li>• Dansers voer die werk met vertroue op</li> </ul>
<b>Elementêr Vlak 3 40–49%</b>	<p><b>Joernaal:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Choreograaf het 'n beperkte poging aangewend, nie goed georganiseerd nie, minimale leierskapsvaardighede getoon</li> <li>• Choreografiese proses toon beperkte besinning</li> <li>• Sukkel om dansers en repetisies te bestuur</li> </ul> <p><b>Programnota:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Een-bladsy-programnota sluit nie alle kriteria in nie</li> </ul> <p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verkeerde getal dansers/lengte verkeerd</li> <li>• Beperkte struktuur</li> <li>• Begin en einde ingesluit. Beperkte musiekkeuse/begeleiding/rekwisiete/kostuums.</li> <li>• Beperkte bewegingswoordeskat gebruik</li> <li>• Onderwerp vaagweg gekommunikeer</li> <li>• Dansers voer die werk met beperkte vertroue op</li> </ul>
<b>Net geslaag Vlak 2 30–39</b>	<p><b>Joernaal:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Choreograaf het baie klein poging aangewend, nie goed georganiseerd nie, geen leierskapsvaardighede getoon nie</li> <li>• Choreografiese proses toon minimale besinning</li> <li>• Sukkel om dansers en repetisies te bestuur</li> </ul> <p><b>Programnota:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Een-bladsy-programnota sluit nie alle kriteria in nie</li> </ul> <p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verkeerde getal dansers/lengte verkeerd</li> <li>• Minimale struktuur gebruik</li> <li>• Begin en einde ingesluit. Ontoepaslike musiekkeuse/begeleiding/rekwisiete/kostuums.</li> <li>• Beperkte bewegingswoordeskat gebruik</li> <li>• Onderwerp nie duidelik gekommunikeer nie</li> <li>• Dansers het nie vertroue in die opvoering nie</li> </ul>

<b>Nie behaal nie Vlak 1 1–29%</b>	<b>PAT IS ONVOLLEDIG</b> <b>Joernaal:</b> <ul style="list-style-type: none"><li>• Choreograaf het geen poging aangewend nie, nie goed georganiseer nie, geen leierskapsvaardighede getoon nie</li><li>• Choreografiese proses toon geen besinning nie</li><li>• Kan nie dansers en repetisies bestuur nie</li></ul> <b>Programnota:</b> <ul style="list-style-type: none"><li>• Een-bladsy-programnota sluit nie alle kriteria in nie/geen poging aangewend nie</li></ul> <b>Opvoering:</b> <ul style="list-style-type: none"><li>• Verkeerde getal dansers/lengte verkeerd</li><li>• Beperkte/Geen struktuur nie</li><li>• Swak/geen begin of einde nie. Musiekkeuse/begeleiding/rekwisiete/kostuums nie geskik nie/geen poging aangewend nie</li><li>• Bewegingswoordeskat nie toepaslik nie</li><li>• Onderwerp nie gekommunikeer nie</li><li>• Dansers onseker/nie genoeg gerepeteer nie. Die choreografie kon geïmproviseer gewees het.</li></ul>
--	---

<b>PRESTASIE-AANDUIDERS: GROEPDANS</b>	
In die hoofdansvorm deur 4–6 dansers opgevoer. Drie of meer minute lank.	
<b>Uitstaande Vlak 8</b> 90–100%	<p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Komplekse danswoordeskat. Uitsonderlike tegniek, beheer, krag, uithouvermoë, koördinasie.</li> <li>• Uitstaande bewustheid die beginsels van die dansstyl getoon</li> <li>• Uitstaande interaksie en oogkontak tussen die lede van die groep getoon</li> <li>• Uitstaande aandag aan spasiëring en tydsberekening, patroonwerk, eenheid en oorgange</li> <li>• Dans met begrip, akkuraatheid, aandag aan besonderhede, musikaliteit, ratsheid, vloeiendheid, dinamika</li> <li>• Baie selfversekerd, uitdrukkingvol, gefokus en tree op met energie en toewyding aan die groep</li> </ul> <p><b>Beplanning van die produksie en verslag:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Uitstaande algemene produksiebeplanning</li> <li>• Uitstaande bemarkingstrategie getoon</li> <li>• Uitstaande toegewydheid aan persoonlike rol in die produksie</li> <li>• Uitstaande gebruik/ontwerp van bemarkingsmateriaal</li> </ul>
<b>Verdiensielik Vlak 7</b> 80–89%	<p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Komplekse danswoordeskat. Baie goeie tegniek, beheer, krag, uithouvermoë, koördinasie.</li> <li>• Uitstekende bewustheid van die beginsels van die dansstyl getoon</li> <li>• Uitstekende interaksie en oogkontak tussen die lede van die groep getoon</li> <li>• Uitstekende aandag aan spasiëring en tydsberekening, patroonwerk, eenheid en oorgange</li> <li>• Dans met begrip, akkuraatheid, aandag aan besonderhede, musikaliteit, ratsheid, vloeiendheid, dinamika</li> <li>• Baie selfversekerd, uitdrukkingvol, gefokus en tree op met energie en toegewydheid aan die groep</li> </ul> <p><b>Beplanning van die produksie en verslag:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Uitstekende algemene produksiebeplanning</li> <li>• Uitstekende bemarkingstrategie getoon</li> <li>• Uitstekende toegewydheid aan persoonlike rol in die produksie</li> <li>• Uitstekende gebruik/ontwerp van bemarkingsmateriaal</li> </ul>
<b>Wesenlik Vlak 6</b> 70–79%	<p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Baie goeie danswoordeskat. Goeie tegniek, beheer, krag, uithouvermoë, koördinasie.</li> <li>• Goeie bewustheid die beginsels van die dansstyl getoon</li> <li>• Goeie interaksie en oogkontak tussen die lede van die groep getoon</li> <li>• Goeie aandag aan spasiëring en tydsberekening, patroonwerk</li> <li>• Dans met begrip, akkuraatheid, aandag aan besonderhede, musikaliteit</li> <li>• Selfversekerd, tree met inagneming van die groep op</li> </ul> <p><b>Beplanning van die produksie en verslag:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Baie goeie algemene produksiebeplanning</li> <li>• Baie goeie bemarkingstrategie getoon</li> <li>• Baie goeie toewyding aan persoonlike rol in die produksie</li> <li>• Baie goeie gebruik/ontwerp van bemarkingsmateriaal</li> </ul>
<b>Voldoende Vlak 5</b> 60–69%	<p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Goeie danswoordeskat. Goeie tegniek, beheer, krag, uithouvermoë, koördinasie.</li> <li>• Beginsels van die dansstyl verstaan</li> <li>• Interaksie tussen lede van die groep getoon</li> <li>• Aandag aan spasiëring en tydsberekening, patroonwerk</li> <li>• Dans met begrip, akkuraatheid, musikaliteit</li> <li>• Selfversekerd, tree met inagneming van die groep op</li> </ul> <p><b>Beplanning van die produksie en verslag:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Goeie algemene produksiebeplanning</li> <li>• Goeie bemarkingstrategie getoon</li> <li>• Goeie toegewydheid aan persoonlike rol in die produksie</li> <li>• Goeie gebruik/ontwerp van bemarkingsmateriaal</li> </ul>



<p><b>Matig Vlak 4 50–59%</b></p>	<p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Matige danswoordeskat. Matige tegniek, beheer, krag, uithouvermoë, koördinasie.</li> <li>• Beginsels van die dansstyl op plekke verstaan</li> <li>• Bietjie interaksie tussen lede van die groep</li> <li>• Bietjie aandag aan spasiëring en tydsberekening, patroonwerk</li> <li>• Ken dans en dans op maat van die musiek</li> <li>• Selfversekerd</li> </ul> <p><b>Beplanning van die produksie en verslag:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Matige algemene produksiebeplanning</li> <li>• Matige bemarkingstrategie getoon</li> <li>• Matige toegewydheid aan persoonlike rol in die produksie</li> <li>• Matige gebruik/ontwerp van bemarkingsmateriaal</li> </ul>
<p><b>Elementêr Vlak 3 40 – 49%</b></p>	<p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beperkte danswoordeskat. Beperkte tegniek, beheer, krag, uithouvermoë, koördinasie.</li> <li>• Beginsels van die dansstyl nie goed verstaan nie</li> <li>• Beperkte interaksie tussen lede van die groep</li> <li>• Beperkte aandag aan spasiëring en tydsberekening, patroonwerk</li> <li>• Ken dans en dans op maat van die musiek</li> <li>• Gebrek aan selfvertroue</li> <li>• Dans nie korrekte lengte nie</li> </ul> <p><b>Beplanning van die produksie en verslag:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beperkte algemene produksiebeplanning</li> <li>• Beperkte bemarkingstrategie getoon</li> <li>• Beperkte toegewydheid aan persoonlike rol in die produksie</li> <li>• Beperkte gebruik/ontwerp van bemarkingsmateriaal</li> </ul>
<p><b>Net geslaag Vlak 2 30–39</b></p>	<p><b>Opvoering:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Baie basiese danswoordeskat. Minimale tegniek.</li> <li>• Beginsels van die dansstyl nie verstaan nie</li> <li>• Minimale interaksie tussen lede van die groep</li> <li>• Minimale aandag aan spasiëring en tydsberekening, patroonwerk</li> <li>• Ken dans</li> <li>• Geen selfvertroue nie</li> <li>• Dans nie korrekte lengte nie</li> </ul> <p><b>Beplanning van die produksie en verslag:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Minimale algemene produksiebeplanning</li> <li>• Minimale bemarkingstrategie getoon</li> <li>• Minimale toegewydheid aan persoonlike rol in die produksie</li> <li>• Minimale gebruik/ontwerp van bemarkingsmateriaal</li> </ul>
<p><b>Nie behaal nie Vlak 1 1–29%</b></p>	<p><b>PAT IS ONVOLLEDIG/GROEPDANS NIE IN DIE HOOFDANSVORM OPGEVOER NIE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Minimale danswoordeskat. Geen tegniek nie.</li> <li>• Beginsels van die dansstyl nie verstaan nie</li> <li>• Geen interaksie tussen lede van die groep nie</li> <li>• Geen aandag aan spasiëring en tydsberekening, patroonwerk nie</li> <li>• Ken nie dans nie</li> <li>• Geen selfvertroue nie</li> <li>• Dans nie korrekte lengte nie</li> </ul> <p><b>Beplanning van die produksie en verslag:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Min/Geen algemene produksiebeplanning nie</li> <li>• Min/Geen bemarkingstrategie getoon nie</li> <li>• Min/Geen toegewydheid aan persoonlike rol in die produksie nie</li> <li>• Min/Geen gebruik/ontwerp van bemarkingsmateriaal nie</li> </ul>